Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Les Twee-2 November-6 November 2020

Lees na die onderhoud en beantwoord die vrae wat volg:

Kol - Dapper Dier

Cade se hond, Kol is 'n pragtige dier. Hy het Cade se lewe gered. Hier volg 'n onderhoud wat Cade oor Radio Oos-Wes gehad het. Sara Kim het hom ondervra.

Sara : Welkom by Radio Oos-Wes, Cade.

Cade: Baie dankie.

Sara: Ek hoor jou hond het jou lewe gered. Vertel my daarvan.

Cade: Dis reg. Saterdag het ek en my gesin piekniek gehou. Ons het na Kranskloof toe gegaan. Ek het met Kol op die krans gestap. Ek wou foto's neem.

Sara: Wat het toe gebeur?

Cade: Ek het geval en my been gebreek. Ek kon nie loop nie. Gelukkig het ek 'n pen en boek in my tas gehad. Ek het 'n boodskap geskryf en dit in my skoen gesit. Ek het my skoen uitgetrek en dit in Kol se bek gesit.

Sara: Was jy alleen?

Cade: Ja ek was. My ouers het nie geweet waar ek was nie. Ek weet nou dit was baie stout van my. Kol het na my ouers toe gehardloop. My ouers het die reddingswerkers gestuur.

Sara: Jou hond is 'n held.

Cade: Ja hy is. Kol is my beste vriend. Hy is getrou aan my. Ek is lief vir hom.

Sara: Baie dankie dat jy met my kom gesels het.

Cade: Dis 'n plesier.

1. Wat is die naam van die aanbieder (presenter)?

2.Waar het die onderhoud plaasgevind?

3. Wie is die persoon wat ondervra (interviewed) word?

4. Waar was Cade toe die insident gebeur het?

5. Wie het Cade se lewe gered?

6. Hoekom het Cade op die krans gestap?

7. Wat het met Cade gebeur?

8.Wat het Cade in sy tas gehad?

9. Hoe het die hond Cade se lewe gered?

10. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal (quote) sinne uit die teks om jou antwoorde te motiveer:

10.1 Cade het die boodskap in sy tas gesit .

10.2 Cade se ouers het die ambulans gestuur.

10.3 Cade en Kol is beste maats.

11. Dink jy dat diere slim is. Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord: